

**21 Augustus**

**2 Konings 5:8-18, (Teks: 2:15)**

***Alle genesing kom van God***

Ons dink gewoonlik dat die genesingskrag in die sterkte van die medisyne sit of in die behendigheid van die dokter.

Die Here sê nie dat ons sonder medisyne kan gesond word as ons net tot Hom bid nie. Hy leer ons dat Hy die genesing skenk. Hy gebruik die dokters en medisyne as instrumente in sy hand.

Naäman kon nie verstaan waarom die riviere in sy eie land nie die genesingskrag het van die water van die Jordaanrivier nie. Op aandrang van sy amptenare gee hy toe en gaan was hom maar in die Jordaan. Daarna wil hy selfs vir Elisa 'n bedrag geld aanbied. Elisa moes eers aan hom verduidelik dat die ware God, die God van Israel, genesing kan skenk.

God wou Homself aan die Arameërs bekendmaak en dit het Hy deur Naäman se siekte gedoen.

Die teenwoordigheid van God is in daardie dae aan die wêreld getoon deur sy dae met sy uitverkore volk.

Vandag kan ons met groter perspektief na God se teenwoordigheid kyk. Jesus het gesê dat daar 'n tyd kom wanneer Hy orals gedien kan word. God se besondere nabyheid en bemoeienis met sy kinders ervaar ons in die kerk, maar ons weet dat daar geen plek op aarde is wat te afgeleë is vir sy teenwoordigheid nie.

Daarby leer die Apostel Jakobus ons in sy brief (hoofstuk 5) dat genesing van siekes vir die Here maklik is, maar vir Hom gaan dit veral oor die welstand van ons siele. Die gebed van die regverdige het groot krag en as jou gebed iemand van 'n verkeerde pad laat bekeer het, het jy 'n siel uit die hel gered.

Sing: Psalm 148:5

Ds. G.J. Ligthelm (Olifantshoek)